



WEN-WEN GELEENTHEID VIR SKAAPBOERE

Ramsem en LANDRANI® Lamb rig 'n uitnodiging vir 'n "vrugbare" vennootskap. Met erkenning van die diversiteit in skaapboerdery, is ons gretig om met boere van alle rasse saam te werk om Meatmaster kruis-lammers van hoë gehalte te produseer.

In terme van LANDRANI® Lamb se Samic registrasie is 'n outentieke Meatmaster-lam die resultaat van die dekking van enige ooiras met ons suiwer Meatmaster ramme. Om uitstaande gehalte te verseker gebruik ons slegs semen van LANDRANI® Meatmaster ramme geregistreer by SA Stamboek waarvan die DNA op register is.

ONS AANBOD

- 01 MEATMASTER KRUIS-DEKING VAN JOU KOMMERSIËLE KUDDE**
Ons verskaf gratis saad van ons vlagskip SP ramme genaamd CHIEF, FAT JUDGE en EL TORO. Alle laparoskopie produkte en prosedures word deur Ramsem (Edms) Bpk verskaf;
- 02 PRODUKSIEBESTUUR EN SKEDULERING**
Ons skeduleer jou daaglik/weeklik/maandelikse aktiwiteite ten opsigte van jou totale kudde. Sien aangehegde MegaHub Program en "Actions Dashboard";
- 03 VOORAFBEFONDSING**
Ons finansier die totale produksiekoste rentevry vanaf prikkel tot speen. Sien aangehegde begroting;
- 04 AFSETOORENKOMS**
Sodra jou lammers 60-dae ouderdom bereik, sal ons hulle by jou koop en R10 meer per kg aanbied as die stoorlam prys. Gemiddelde lewendige gewig op daai ouderdom behoort 20kg te wees. Sien aangehegde begroting;
- 05 DEURSIGTIGE KOSTES**
Die gefinansierde produksiekoste sal afgetrek word van die betaling wat ons vir die lammers maak. Rentevry. Alle produk pryse kan self onderhandel word met verskaffers indien nodig.

VOORDELE

- 01 VERHOOGDE LAMPERSENTASIE**
Dit is algemene kennis dat laparoskopiese KI lei tot meer meerlinge in die kudde;
- 02 GESINCHRONISEERDE LAMPERIODE**
Met die KI-proses sal die meerderheid van jou ooie binne 'n 10-dae tydperk lam, wat die bestuur van roofdiere vergemaklik;
- 03 VROEËR SPEEN**
Met vroeëspeen kan inter-lam periodes verkort word vanaf 12-maande na 8-10 maande. Lammers moet kruipvoer kry vanaf ouderdom 12-dae;
- 04 ONS ONTHOU WANNEER WAT MOET GEBEUR**
Ons beproefde aksie- en skeduleringstelsel is die boer se redding as dit kom by presisie boerdery;
- 05 GELD GEWAARBORG**
WeBuyLamb™, sal jou lammers weeg voor hulle gelaai word. Betaling word gedoen voordat die vragmotor jou plaas verlaat;
- 06 BETER PRYSE**
Verseker 'n premietarief vir jou lammers;
- 07 GEEN AANVANKLIKE KOSTE NIE**
Begin met geen produksiekostes van jou kant af nie.

Jy kry dus meer lammers, staan minder af aan roofdiere en lam meer gereeld. Die kumulatiewe effek hiervan lei maklik tot 'n 30%-50% verhoging in speenpersentasie. En dan word jou produksiekoste rentevry gefinansier, jy kry meer vir jou lam met geen risiko van wanbetaling.

BELANGRIK OM TE WEET

Ongelukkig is die aanbod nie beskikbaar vir die dek van Meatmaster ooie
Ons stel slegs belang in kruis-lammers

INDIEN JY BELANGSTEL KONTAK HENDRIËTTE STAFFORD BY 060 977 2130



Mega-Hub Program

XYZ Boerdery 2500 ooie

5 Groepe van 500 ooie in 10-Maande Produksie Siklus

Lapa Datum: 19-Oct-23 (Slegs voorbeeld. Elke 2-maande word n groep gelapa)



1. Bevestig Lapa Datum met Ramsem	02-Jun-23
2. Doen Flushing Proses op Ooie	10-Aug-23
3. Doen dragtigheid op ooie nog nie gelam	20-Aug-23
4. Identifiseer ooie vir teelgroep	27-Aug-23
5. Doen Semen Verslag en bestel CIDR, DMS en semen	10-Sep-23
6. Prikkelvoeding vir ooie	28-Sep-23
7. Spons ooie	03-Oct-23
8. Sorteër ooie in Onttrekkingsgroepe	16-Oct-23
9. Ontrek sponse, spuit DMS volgens XRS2 dosis en sit Lapa Slot kryt kleur op neus/kop	17-Oct-23
10. Lapa ooie (Sorteer hulle volgens lapa groepe)	19-Oct-23
11. Voeg opvolgramme by	02-Nov-23
12. Doen dragtigheid	14-Dec-23
13. Verander Tags van nie dragtige ooie en skuif na volgende groep	14-Dec-23
14. Doen inventaris vir veemiddels, RFID tags asook CHIPIDs vir nuwe lamgroep	20-Feb-23
15. Skuif Ooie na Lambestemming	09-Mar-24
16. Lam in Hokke / Kampe	12-Mar-24
17. Speen en weeg lammers op 45-60 dae	26-Apr-24

* Besetting hang 100% af van ooie se vrugbaarheid, kondisie en bestuursprogram

** Onderhewig aan goedkeuring, termes en voorwaardes

Indien jy belangstel stel kontak Hendriëtte Stafford by 060 977 2130.





Actions Dashboard

[Calendar View](#)

XYZ Boerdery
All Users
Refresh
+ Add New

Action Type	Uncompleted	Future	Next 7	Next 3	Today	1 Day Overdue	3 Days Overdue	7 Days Overdue	14 Days Overdue
SHEEP - Add Ram	2	2	0	0	0	0	0	0	0
SHEEP - Allocate Bomb Squad	1	0	0	0	0	0	0	0	1
SHEEP - Allocate Ewes to Group	1	0	0	0	0	0	0	0	1
SHEEP - Check Inventory	2	1	0	0	0	0	0	0	1
SHEEP - Class Young Ewes	1	0	0	0	0	0	0	0	1
SHEEP - Collect Semen from Ramsem	1	0	0	0	0	1	0	0	0
SHEEP - Confirm Ramsem	1	0	0	0	0	0	0	0	1
SHEEP - Examine Ewe Data	1	0	0	0	0	0	0	0	1
SHEEP - Finalise Admin	1	1	0	0	0	0	0	0	0
SHEEP - Flush Feeding	1	0	0	0	0	0	0	0	1
SHEEP - Identify Struggling Ewes	1	0	0	0	0	0	0	0	1
SHEEP - Lapa AI	1	1	0	0	0	0	0	0	0
SHEEP - Move Lambs & Ewes	1	0	0	0	0	0	0	0	1
SHEEP - Pregnancy Scan	2	1	0	0	0	0	0	0	1
SHEEP - Prepare Next Mating Group	1	0	0	0	0	0	0	0	1
SHEEP - PRE-Wean Session	1	0	0	0	0	0	0	0	1
SHEEP - Remove Ram	1	1	0	0	0	0	0	0	0
SHEEP - Semen Report & Orders	1	0	0	0	0	0	0	0	1
SHEEP - Sponge	1	0	0	0	0	0	1	0	0
SHEEP - Transport Ewes to Destination	1	0	0	0	0	0	0	0	1
SHEEP - Wean Lambs	1	1	0	0	0	0	0	0	0
SHEEP - Withdraw & DMS	1	1	0	0	0	0	0	0	0



PRICES

24% Protein Lick 50kg bag R 350 De Heus Ewe Booster	17% Protein Lick 50kg bag R 372 ORV Production Lick
Cable Tie each R 0.5	Marking Stick each R 30
CIDRs each R 37.8	Ovakron Sponges each R 25
Chronogest DMS per bottle R 690	Average DMS dosage 3 ml
Ovi-Thrive per litre R 705	Ovi-Thrive dosage 20 ml
Deadline Extreme per application R 4.5	Multivax P Plus each R 12.5
Complex A&E each R 6	Slankdalkoors each R 9.5
Laparoscopic AI each R 65	Laparoscopic Travelling km (One Way) R 12.5 400 Km
Pregnancy Scan each R 4.2	Pregnancy Scan Travelling km (One Way) R 7.5 74 Km
Carmino PLUS each R 0.3	Pulpyvax each R 1.95
Transport Ewes (One Way) R 28 0 Km	15% Lactation Ration per ton R 5800
Lactation Days 14	17% Creep Feed per ton R 6800
Creep Feed Days 45	15% Finishing Ration per ton R 6200



PROJECT BUDGET

	Animals		Per Animal
Projected Income			
Lambs Weaned	567		R 658 242 R 1 160
Less: Replacement Ewes	0		R 0 R 0
Ewes Sold	0		R 0 R 0
Wool	500		R 166 667 R 333
			<u>R 824 909</u>
Production Costs			<u>R (276 295)</u>
Gross Ewe Production Profit			<u>R 548 614</u>
Gross Profit			<u>R 548 614</u>
3rd Party Costs			R 0
Consumables			R 920.00
Cable Ties	500	R 500.00	
Marking Sticks		R 420.00	
Animal Health Products			R 19 512.50
Deadline (2 applications)	500	R 4 500.00	
MultiVaxP Plus	500	R 6 250.00	
Complex A&E	500	R 3 000.00	
Slenkdalkoors	500	R 4 750.00	
Carmino PLUS	450	R 135.00	
Pulpyvax	450	R 877.50	
Supplementary Feeding: Flushing			R 46 872.00
ORV Energy Lick	0.3	500	R 46 872.00
Supplementary Feeding: Pre-Lamb			R 25 110.00
ORV Production Lick	0.3	450	R 25 110.00
Synchronisation, AI & Pregnancy Scans			R 85 960.00
CIDRs	0	R 0.00	
Ovakron Sponges	500	R 12 500.00	
CHRONOGEST DMS	30	500	R 20 700.00
Ovi-Thrive	10	500	R 7 050.00
Laparoscopic Fees	500	R 42 500.00	
Pregnancy Scans	500	R 3 210.00	
Lactation Costs			R 97 920.00
Feed LambFactory - Ewes	1.7	450	R 62 118
Feed LambFactory - Lambs	0.2	585	R 35 802

UITREKSELS VANUIT PUIK ARTIKEL

VOEDINGSPROGRAM VIR SKAPE ONDER EKSTENSIEWE EN SEMI-INTENSIEWE TOESTANDE

Dr. Jasper Coetzee • **Kopiereg © Voermol Voere**



1. Prikkelvoeding van teeloöie

Oöie wat met paring in massa toeneem, is meer geneig om tweeling te produseer as dié wat massa handhaaf of verloor. Besetting en tweelinggeboortes neem af indien die oöie kort voor die paarseisoen massa verloor. Ovulasietempo (aantal eiselle per hitesiklus afgeskei) bepaal die boonste limiet van die oöi se fekunditeit (meerlinggeboortes) en dit word geneties beheer. Die mate waarin 'n oöi haar genetiese reproduksiepotensiaal bereik, is afhanklik van omgewingsfaktore soos voeding en bestuur (Downing & Scaramuzzi, 1991). Voeding het volgens Rowe & Atkins (2005) die grootste invloed (> 70 %). Om dus 'n hoë lampersentasie te verseker, moet oöie in 'n uitstekende kondisie (3.5 KP) met paring wees en vir elke kg wat hulle swaarder is met paring, styg die lampersentasie met ongeveer 1.5 tot 2.5 %.

IntelliFarm™ Inset

In die Mega-Hub Program maak ons voorsiening vir 300g lek per dag per oöi vanaf 3-weke voor tot 3-weke na lapa. Daar is geen voorkeur vir wie die verskaffer moet wees. Afstand vanaf naaste depot speel gewoonlik die grootste rol tov prys. Indien oöie in goeie kondisie is en veld is goed kan 'n hoë proteïen produksielek gebruik word. Indien kondisie nie na wense is en veld ook nie op sy beste beveel ons die gebruik van 'n energielek aan.

Oöie moet vier tot ses weke voor die paarseisoen met Multimin™ (G1853) plus Vitamien A & E gespuit word asook die nodige doserings en entings (multiklostridiale entstof & Ensoöties abortsie) ontvang. Vanaf vier weke voor die paarseisoen moet oöie rustig gehou word en geen stresvolle aktiwiteite moet in hierdie periode uitgevoer word nie. Waar oöie twee tot vier weke voor die paarseisoen geskeer en gedip is, was die besetting 89 % as gevolg van hierdie stresvolle aktiwiteite teenoor 96 % waar hierdie aktiwiteite langer as vier weke voor die paarseisoen uitgevoer is. Waar oöie kort voor paring oor 'n lang afstand aangejaag is, het die stres as gevolg daarvan hulle ovulasietempo met tot 60 % verlaag. Vermoed die paring van oöie op klawer- en lusernweiding wat aan 'n vogstremming ly, deur insekte beskadig of met virusse of swamme besmet is omdat hierdie plante onder hierdie omstandighede hormone produseer wat die lampersentasie nadelig kan beïnvloed.

IntelliFarm™ Inset

In die Mega-Hub Program maak ons voorsiening vir die toediening van MultiVax P Plus, Complex A & E asook Ovithrive 6-weke voor lapa. Slendalkoors entstof is opsioneel waar toepaslik. Carmino+ en Pulpyvax word gegee 4-weke voor lam. (Bespreek met plaaslike veearts).

2. Voeding gedurende laatdragtigheid

Laatdragtigheid (vierde en vyfde maand van dragtigheid) is een van dié belangrikste stadiums in die reproduksiesiklus van die ooi omdat ongeveer 80 % van die fetusgroei gedurende hierdie stadium van dragtigheid plaasvind wat 'n betekenisvolle toename in die voedingsbehoefte van die laatdragtige ooi tot gevolg het (Bell, 1995; Dawson et al., 1999). Die feit dat ongeveer 80 % van lamvrektes verband hou met die voeding van die ooi gedurende die laaste paar weke voor en onmiddellik na lam, beklemtoon verder die belangrikheid van voldoende en korrekte voeding gedurende laatdragtigheid (Seymour, 1998). Indien ooie slegs vir een week gedurende laatdragtigheid ondervoed word, kan goeie voeding daarna nooit ten volle daarvoor vergoed nie (Mellor & Matheson, 1979). Laatdragtige ooie met enkelingfetusse moet dus vanaf vier weke voor lam; dié met tweelingfetusse vanaf ses weke en dié met drielingfetusse vanaf agt weke voldoende voedingstowwe (d.i. deurvloeiproteïen, energie, minerale, spoorelemente en vitamines) inneem om uier- ontwikkeling te stimuleer; bies- en melkproduksie te verhoog; moeder-eienskappe van die ooie en lewenskragtigheid van lammers te verbeter asook geboorteprobleme (geel lammers met geboorte) en abnormale dik en taai bies te beperk en om 'n ideale geboortemassa (3.5 tot 5.5 kg) te verseker wat maksimum lamoorlewing tot gevolg het en wat almal meehelp om lamvrektes te beperk en/of lamgroei te verhoog. Volgens Robinson (1990) is uierontwikkeling direk afhanklik van die hoeveelheid deurvloeiproteïen ingeneem. Die aanvulling van deurvloeiproteïen op swak gehalte droë weiding het die massa lam gespeen per ooi gepaar met tot 5.1 kg verhoog asook die daaropvolgende lampersentasie met tot 28 persentasie-eenhede (Brand, 1999). Volwasse ooie moet minstens 15 % (d.i. 7.5 kg vir 'n 50 kg ooi) en jongooie 10 % in massa gedurende die laaste twee maande van dragtigheid toeneem om 'n gewenste geboortemassa (3.5 – 5.5 kg) vir hoë lamoorlewing te verseker.

IntelliFarm™ Inset

In die Mega-Hub Program maak ons voorsiening vir 300g lek per dag per ooi vanaf 4-weke voor lam. Daar is geen voorkeur vir wie die verskaffer moet wees. Afstand vanaf naaste depot speel gewoonlik die grootste rol tov prys. Hier moet 'n hoë proteïen produksielek gebruik word.

3. Voeding gedurende laktasie

Die voedingspeil gedurende die eerste twee maande na lam moet sodanig wees dat ooie nie meer as 10 % van hulle massa verloor nie. Proewe toon dat waar die ooie meer massa verloor het, hulle daaropvolgende lampersentasie tot 25 en in een geval tot 51 persentasie-eenhede laer was. Dit is toelaatbaar dat ooie in vroeë laktasie kondisie verloor solank die kondisiepunt nie laer as 2.0, maar verkieslik nie laer as 2.5 daal nie. Die doelwit moet wees dat jongooie wat vir die eerste keer lam, nie meer as 3 % en volwasse ooie nie meer as 7 % in massa gedurende die eerste twee maande van laktasie verloor nie.

'n Beperking van voeriname kan melkproduksie met tot 50 % verlaag. Die groei van tweelinglammers word nadelig beïnvloed indien lakterende ooie vir langer as 10 dae 'n voedingsbeperking ervaar. Melkproduksie van lakterende ooie word nadelig beïnvloed deur 'n voedingsbeperking van vier weke en geen styging in melkproduksie vind plaas nie al word ad lib-voeding na hierdie periode voorsien. Die ideaal is dat ooie na lam na groen aangeplante weiding of weimielies geskuif word. Om 'n hoë speenmassa te verseker asook 'n hoë lampersentasie met die daaropvolgende lamseisoen, moet dieselfde deurvloeiproteïen- gebaseerde lek of volledige rantsoen wat gedurende laatdragtigheid gevoer word ook gedurende vroeë laktasie op die beskikbare weiding gevoer word.

Na lam word die onderskeie laatdragtigheidsvoedingspeile van die Maxiwollekke met ± 100 g/ooi/dag verhoog terwyl volledige voere vir ooie wat onderskeidelik een- en tweelinglammers soog teen ongeveer 3 % en 4 % van liggaamsmassa gevoer word. Lakterende ooie op weimielies of mielie-oesreste met baie pitte, moet 'n spesiale lekmengsel (150 kg Voermol Landelek plus 50 kg Voermol Procon) teen 250 tot 350 g/ooi/dag gevoer word. Op staande sojahooi (ongeoeste sojabone) of op soja-oesreste met baie pitte word Voermol Molovite (200 g/ooi/dag) aanbeveel.

IntelliFarm™ Inset

In die Mega-Hub Program maak ons voorsiening vir 1.7kg volvoer per dag per ooi vir 14-dae in die lamhok/-kamp. Daar is geen voorkeur vir wie die verskaffer moet wees. Afstand vanaf naaste depot speel gewoonlik die grootste rol tov prys. Hier moet 'n hoë proteïen met genoegsame energie volvoer gebruik word. Daarna kan Dr Jasper Coetzee se riglyne bo gevolg word (Alles hang af van die kwaliteit van die weiding).

4. Kruipvoeding van sogende lammers

Weens die uiters doeltreffende voeromsetting van die jong lam, moet alles moontlik gedoen word om te verseker dat die lam volgens sy maksimum genetiese groeipotensiaal groei. Die twee hoof faktore wat die groei van sogende lammers op weiding beperk, is die onvermoë van die lam se rumen om die weiding doeltreffend te benut en die lam se relatief klein rumengrootte wanneer 'n weiding met 'n hoë voginhoud bewei word (Joyce & Rattray, 1970). Die voorsiening van kruipvoer aan sogende lammers is ononderhandelbaar vir winsgewende skaapproduksie. Kruipvoeding verhoed speenskok en maak dit moontlik om lammers alreeds op 72 dae ouderdom op 'n minimum massa van 25 kg vroeg te speen.

IntelliFarm™ Inset

In die Mega-Hub Program maak ons voorsiening vir 200g kruipvoer per dag per lam vir 45-dae in die kamp, land of veld. Lammers moet "aggressiewe toegang" hê tot kruipvoer vanaf 14-dae ouderdom. Die lam loop agter die ooi aan, so verkieslik moet ooie in die nag gekraal word sodat lammers genoeg tyd tussen kruipvoer bakke kan spandeer. Daar is geen voorkeur vir wie die verskaffer moet wees. Afstand vanaf naaste depot speel gewoonlik die grootste rol tov prys. Hier moet 'n hoë proteïen met genoegsame energie kruipvoer gebruik word. Ons speen op 60-dae met 'n gemiddelde massa van 20kg. Lammers kry Deca-Sure op 14-dae en tydens speen MultiVax P Plus asook 'n ontworm middel soos Prodose Orange of Eradiworm. Ons beveel ook aan dat lammers Super Boost kry binne 24-uur na geboorte.

5. Samevatting

Doeltreffende byvoedingspraktyke vorm 'n integrale deel van doeltreffende bestuur- en telingpraktyke. Hier praktyke moet nie in isolasie van mekaar beskou word nie, maar wel as 'n eenheid, want gesamentlik vorm hulle die basis van 'n winsgewende skaapboerdery. Die strategiese aanvulling van die regte voedingstowwe (veral deurvloeiproteïene en energie; minerale; spoorelemente en vitamienes) in die regte hoeveelheid en kombinasies aan weidende diere is van kritieke belang om maksimum en koste-doeltreffende respons te verseker. Terselfdertyd moet 'n baie hoë bestuursvlak gehandhaaf word terwyl bestuurspraktyke voortdurend aangepas moet word. In hierdie verband is dit absoluut noodsaaklik dat 'n doeltreffende en wetenskaplik gefundeerde

bestuurs-, siektevoorkomende en gesondheids- beheerprogram nougeset gevolg moet word en voortdurend aangepas moet word soos nuwe inligting en tegnologie beskikbaar kom. Om 'n hoogs produktiewe skaapkudde te verseker, moet geneties meerderwaardige teeldiere (ideaal om slegs beproefde superieure teelramme te gebruik wat geneties beter is as jou kudde) geselekteer word terwyl onproduktiewe diere (bv. dié wat nie lam nie of nie 'n lam speen nie) summier en voortdurend uitgeskot moet word.

Om maksimum wins te genereer, moet die produsent sy prioriteite reg kry en fokus op daardie aspekte (bv. reproduksietempo) wat die meeste wins genereer. Om 'n hoë prys en 'n pryspremie vir sy bemerkbare produk te verdien, word die produsent gedwing om 'n gehalte produk asook dit wat die mark en die verbruiker vra, te produseer en kan hy nie meer enige hoeveelheid van enige gehalte en wanneer hy wil, produseer nie.

Produsente word sterk aangeraai om hoogs suksesvolle produsente (bv. wenners van die Skaapboer van die Jaarkompetisie) te besoek en van hulle te leer wat hulle doen om hoogs suksesvol te wees. Hierdie produsente het altyd nuwe idees en beter maniere om dinge te doen. Verder word produsente aangeraai om die nuutste tegnologie te gebruik, want volgens prof. Johan Willemse (2001) gaan 'n produsent baie moeilik sy inkomste teenoor uitgawe verhoog sonder om nuwe tegnologie en bestuursmetodes te gebruik.

In hierdie verband is Australiese konsultante dit eens dat die gewilligheid van 'n produsent om nuwe tegnologie en bestuurspraktyke in sy kudde te gebruik, grootliks sy winsgewendheid bepaal. Produsente word versoek om die beste kundiges in dié verband te konsulteer om op hoogte te kom van die nuutste tegnologie asook die mees winsgewende produksiestelsel(s) vir sy spesifieke behoeftes.